higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 4

(5030124)

12 Maart 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die (sosiale/emosionele) omgewing in die klaskamer verwys na die kind se interaksie met portuurs en volwassenes.

1.2 Kreatiewe uitkomste word ingesluit by die (geletterdheid/lewensvaardighede) -komponent van die Graad R-kurrikulum.

1.3 In kleinkindontwikkeling staan OTP vir (ontwikkelingstoepaslike praktyk/ontwikkelingstransformasieprogram.

1.4 In ons veranderende wêreld sluit al hoe meer (moeders/vaders) by die land se arbeidsmag aan, wat die behoefte aan gehaltedagsorg verhoog.

1.5 (Inklusiwiteit/eksklusiwiteit) is een van die beginsels van kleinkindonderwys in Suid-Afrika.

1.6 Kinders onder vier jaar oud volg ’n (formele/informele) kurrikulum in die KKO-sentrum.

1.7 Grense en roetines maak deel van ’n (positiewe/negatiewe) leeromgewing uit.

1.8 Die filosofie van kindgesentreerde onderwys het gelei tot die ontwikkeling van (vlakke/beginsels) van kinderontwikkeling waarvolgens die behoeftes van die kind oorweeg word.

1.9 Die kind wie se kultuur in die minderheid is, kan (minderwaardig/ meerderwaardig) teenoor die ander kinders in die groep voel.

1.10 ’n Kind se ontwikkelingsvlak verwys na die (ouderdom van die kind/die kind se ontwikkelingstadium).

1.11 Apartheid of afsonderlike onderwys het beteken dat formele onderwys op (minderwaardigheid/etnisiteit) gegrond was.

1.12 ’n Dagmoeder (hoef nie/moet) by die Departement van Maatskaplike Dienste geregistreer (te) word (nie).

1.13 (Deelnemende/passiewe) leer is die effektiefste wanneer kinders onderrig word.

1.14 Die Montessori-benadering is ’n (leerdergesentreerde/onderwyser-gesentreerde) benadering.

1.15 Die (Vroeëleer-hulpbroneenheid/Vroeëkinderjare-praktyk) stel inligting aan dagsorgsentrums beskikbaar.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat pas by ’n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Jean Piaget	A	kinders wat aantrek soos verpleegsters, dokters, onderwysers, ensovoorts
2.2	Beplan-doen-hersien-sekwensie	B	kinders het verskillende leerstyle en dit kan onder meer visueel, ouditief en taktiel insluit.
2.3	Diversiteit		
2.4	Wetenskap	C	kinders wat in familiegroepe gegroepeer is
2.5	Sensoriese aktiwiteite	D	streef daarna om ’n sin vir maatskaplike verantwoordelikheid te kweek
2.6	Die Handves van Regte	E	kinders ondersoek en dit bevorder waardevolle navorsingsvaardighede
2.7	Projekgebaseerde leer		
2.8	KKO	F	Sambreelterm van toepassing op kinders 0–9 jaar oud
2.9	Montessori-metode	G	praktisyn
2.10	KKO-sentrum	H	verskillende soorte mense, rasse, geslagte, tale, godsdienste, seksuele oriëntering, kulture of tradisies
2.11	Aandaggebrek-hiperaktiwiteitsindroom (AGHS)	I	het geglo daar is vier belangrike stadiums van kognitiewe (intellektuele) ontwikkeling
2.12	Vooroordeel	J	tree negatief op teenoor ’n persoon voordat jy hom/haar leer ken
2.13	Graad R	K	om die groei van ’n plant dop te hou
2.14	Fantasiespel	L	preprimêre onderwyser
2.15	Stereotipe	M	’n tipe spesiale behoefte
		N	om altyd ’n seun in die rol van ’n dokter en ’n meisie in die rol van ’n verpleegster te plaas
		O	’n kind se beste belange is deurslaggewend
		P	gevallestudie

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Aktiwiteite soos spring, rol, huppel en klim

3.2 Ouervergadering wat een keer per jaar gehou word

3.3 Kinders van werkende ouers kan hier versorg word sodra die kleuterskool verdaag.

3.4 ’n Plan waarvolgens groepe kinders die geleentheid kry om intensief met die educarer/opvoeder te werk.

3.5 ’n Tyd wat opsygesit word vir ouers om die vordering van hul kind met die kind se praktisyn te bespreek.

(5 × 2 **[10]**

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar’ of ‘onwaar’ langs die vraagnommer (4.1–4.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Ouers word aangemoedig om opvoedkundige en ander TV-programme met hul kinders te bespreek, aangesien dit hul kind se opvoedkundige ervaring versterk.

4.2 Dit is ouers se verantwoordelikheid om hul kinders die waardes te leer van die gemeenskap waarin hulle woon.

4.3 Wanneer kinders aan ’n musiek-ring deelneem, behoort hulle slegs liedjies in een taal te leer, aangesien dit verwarring kan veroorsaak wanneer liedjies in verskillende tale geleer word.

4.4 Die KKO-praktisyn behoort nie bewustheid onder kinders van hul eie kultuur te skep nie, aangesien dit tuis behoort te gebeur.

4.5 Die ouer is die kind se eerste (primêre) opvoeder.

4.6 Ouers wat hul kinders van genoegsaam stimulerende ervarings voorsien, moedig die sosiale ontwikkeling van die kind aan.

4.7 Die pleegsorgtoelaag is vir behoeftige gesinne.

4.8 ’n Ouer wat minder as R30,000 per jaar verdien, kan aansoek doen om ’n kinderondersteuningstoelaag om hulle finansieel te help.

4.9 Die Wet Op Kindersorg is ’n regsdokument wat die kindersorg wat in Suid-Afrika voorsien word, reël.

Kopiereg voorbehou

4.10 Die sorgafhanklikheidstoelaag word toegeken om ’n kind te versorg wat ’n ernstige gebrek het en voltydse en gespesialiseerde versorging nodig het.

4.11 Om klein notatjies in die kind se tas te plaas is 'n doeltreffende manier waarop praktisyns die ouers oor belangrike naderende geleenthede kan inlig.

4.12 Formele vergaderings behoort gereeld met ouers gehou te word om hulle oor hul kind se vordering in te lig.

4.13 Die onderwyser gebruik dikwels ’n vorderingsverslag terwyl sy die kinders waarneem terwyl hulle met 'n aktiwiteit besig is.

4.14 Om saam te werk stel kinders in staat om te praat oor wat hulle doen deur hul eie woorde te gebruik.

4.15 ’n Goeie idee wanneer assessering gedoen word, is om ’n eenvoudige assesseringsvorm op ’n knipbord te gebruik.

4.16 ’n Leeromgewing verwys na die omstreke/milieu waarin ’n kind kennis verwerf.

4.17 Volgens die regulasies wat KKO-sentrums reël, moet oppervlakte van 1,5 m^2 vir elke kind buite voorsien word.

4.18 Uitstallings is nuttig om die kinders aan konkrete voorwerpe bekend te stel.

4.19 ’n Ontdekkingstafel kan ook ’n wetenskaptafel, ’n natuurtafel of 'n belangstellingstafel genoem word.

4.20 Roetines en roosters kan die kind verveel, omdat dit te eentonig is.

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 5

5.1 Wat sal die duur van ’n kwartaalplan bepaal? (1)

5.2 Kies TWEE aktiwiteite uit die gegewe lys wat kreatiewe kuns verteenwoordig.
Knip en plak, rol ’n bal, klouter op die klimtoestel, verfwerk, boeklees
(2)

5.3 Kies TWEE aktiwiteite uit die lys wat oog-hand-koördinasie sal bevorder.
Vaardighede
Skop ’n bal, bons ’n bal, driewiel ry, inryging, hardloop. (2)

5.4 Gee ’n kort beskrywing van EEN aktiwiteit elk wat die praktisyn aan vyf- tot sesjariges (Graad R) kan aanbied, gegrond op die volgende leeruitkomste:

5.4.1 Datavaslegging

5.4.2 Om na stories te luister en dit uit te beeld

5.4.3 Gesonde gewoontes

5.4.4 Die weer

5.4.5 Balansontwikkeling

(5 × 2) (10)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 75

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 6.1.1 Noem die VYF domeins van *holistiese ontwikkeling*. (5)

6.1.2 Gee 'n voorbeeld van hoe elke domein in 6.1.1 by die daaglikse program geïnkorporeer kan word. (5)

6.2 6.2.1 Verduidelik hoe taal in die kind se wese ingebed is. (3)

6.2.2 Verduidelik hoe onderrig in ’n tweede taal die leerproses negatief kan beïnvloed. (4)

6.3 Die jong kind vertoon spesifieke behoeftes. Identifiseer die verskillende behoeftes van die kind, soos beklemtoon in elk van die onderstaande stellings, en verduidelik hoe die educarer/opvoeder die kind kan bystaan:

6.3.1 ’n Jong kind kan dit moeilik vind om van ouers geskei te word as hy of sy soggens by die KKO-sentrum afgelaai word.

6.3.2 ’n Jong kind moet genoeg geleentheid kry om met portuurs te sosialiseer en in interaksie te tree.

(2 × 2) (4)

6.4 Assessering behoort die hele jaar, deur die hele program en die hele dag plaas te vind om ’n realistiese assessering van die kind se vermoëns te kry.

Verduidelik die verskil tussen summatiewe en formatiewe assessering. (2 × 2) (4)
[25]

VRAAG 7

7.1 Verduidelik die verskil tussen 'n *preprimêre skool* en 'n *gemeenskap-KKO-sentrum.* Kopieer die onderstaande tabel in jou antwoordboek:

Voorskool	KKO-sentrum

(5 × 2) (10)

7.2 Die rangskikking van 'n speelkamer sal die kinders help om te weet waar bepaalde hulpbronne gevind kan word.

Verduidelik kortliks hoe jy die speelkamer kan inrig om onafhanklikheid te bevorder en prettige leer aan te moedig. (5)

7.3 7.3.1 Hedendaagse kinders woon in 'n baie stresvolle omgewing. Dit is belangrik dat ouers en versorgers hul deel bydra om 'n stresvrye omgewing te voorsien.

Beskryf hoe dit bereik kan word. (5)

7.3.2 Beskryf VYF informele leerervarings wat ouers vir hul kinders kan voorsien. (5)
[25]

VRAAG 8

8.1 Gemeenskappe kan 'n deurslaggewende rol in die lewens van kinders en hul welstand en opvoeding speel.

8.1.1 Identifiseer 'n mobiele hulpbronsentrum wat speelgoed en opvoedkundige hulpbronne aan die KKO-sentrum kan lewer. (2)

8.1.2 Verduidelik VYF ander maniere waarop die gemeenskap crèches in hul gemeenskap kan bystaan. (5 × 2) (10)

8.2 Noem VIER moontlike redes waarom skole sukkel om kinders te leer lees. (4)

8.3 Voltooi die volgende tabel deur die inligting te gebruik wat hier onder gegee word. Gebruik die hulpbron vir elke afdeling wat die beste by die ouderdom pas. Moenie dieselfde item meer as een keer gebruik nie. Jy hoef NIE die tabel oor te skryf nie. Skryf slegs die antwoord wat jy kies langs die vraagnommer (8.3.1–8.3.9) in die ANTWOORDBOEK neer.

OUDERDOMSGROEP	EFFEKTIEWE HULPBRONNE	EFFEKTIEWE STRATEGIEË	ONTWIKKELINGSAREA
12 tot 18 maande	8.3.1 8.3.2	Gooi en vang 8.3.3	Koördinasie Binding/geborgenheid
3 tot 4 jaar	8.3.4 Paskaarte met prentjies van vrugte	8.3.5 8.3.6	Taalontwikkeling Kognitiewe ontwikkeling
5 tot 6 jaar	8.3.7 8.3.9	8.3.8 Knip en plak	Taal Fynmotoriese vaardighede

Vryspel
Bal van sagte materiaal
Rondeneusskêr
Om na prentjies te kyk
Storievertelling
Plakkaat van diere
Materiaalboek
Bespreking
Marionette/toneelpoppe (9)
[25]

VRAAG 9

9.1 Effektiewe praktyk is dit wat die beste vir ’n gemeenskap of skool werk.

9.1.1 Beskryf die verskil tussen effektiewe praktyk en beste praktyk. (4)

9.1.2 Bespreek effektiewe praktyk binne die KKO-omgewing. In jou bespreking moet jy die maniere gee waarop effektiewe praktyk bereik kan word. (4 × 2) (8)

9.2 Die volgende is 'n daaglikse program/rooster vir die ouderdomsgroep drie tot ses jaar van die KKO-sentrum Lesedi. Die sentrum begin om 7:30 in die oggend en sluit om 17:00. Gebruik die roosteraktiwiteite (moenie die tye neerskryf nie, slegs die aktiwiteite) en deel dit onder die volgende opskrifte in. (13)

a. Roetinetye b. Gestruktureerde aktiwiteite c. Vryspel **[25]**

TYE	AKTIWITEIT
07:30 - 08:00	Kinders daag op en oggendpersoneel is daar om hulle te ontvang, hul tasse uit te pak en hulle rustig te maak. Speel binne.
08:00 – 08:30	Ontbyt
08:30 – 08:45	Toilet
08:45 – 09:00	Oggendring – groepaktiwiteit (beplanning vir die dag/skakel met tema)
09:00 – 09:40	Kreatiewe kuns
09:40 – 10:00	Musiek en beweging
10:00 – 10:30	Toilet en versnapering
10:30 – 11:45	Vryspel buite
11:45 – 12:00	Toilet
12:00 – 12:20	Middagete
12:20 – 12:35	Storie
12:35 – 13:30	Slaap/rus
13:30 – 13:45	Opstaan en toilet
13:45 – 17:00	Speel buite, versnaperings en vertrek

VRAAG 10

10.1 Kleinkindontwikkeling is een van die areas in Suid-Afrika waar daar baie geleenthede vir entrepreneurskap is.

Verduidelik die volgende kenmerke wat 'n KKO-sentrum se bestuurder/ eienaar behoort te hê sodat die onderneming suksesvol sal wees, en gee EEN voorbeeld van elk.

10.1.1 Energiek en hardwerkend

10.1.2 Goeie menseverhoudinge en leierskapsvaardighede

10.1.3 Toepaslik gekwalifiseerd en finansiële kundigheid

10.1.4 Kreatiewe denker

(4 × 3) (12)

10.2 Teken 'n geheuekaart wat die verskillende werksgeleenthede uitbeeld wat in die KKO-sektor bestaan. (7)

10.3 Bespreek DRIE kernpunte wat aan die Regia Emilla-benadering toegeskryf word. (6)
(3 × 2) **[25]**

TOTAAL AFDELING B: 125
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou